



Animal Demography Unit
 Departement van Biologiese Wetenskappe
 Universiteit van Kaapstad
 Rondebosch 7701
 Tel.: (021) 650-4239/2423
 Faks: (021) 650-3301
 Email: car@adu.org.za
 www.adu.org.za



COORDINATED AVIFAUNAL ROADCOUNTS (CAR)

INLIGTINGSBLAD 4

JUNIE 2013

HOE OM DIE PADTELLINGVORM IN TE VUL

Teken elke keer die volgende besonderhede aan wanneer 'n voël waargeneem word, asook by elke 2-km stilhouplek indien voëls gesien word. Verwys na Inligtingsblad No. 1 vir ander belangrike besonderhede oor CAR-tellings.

1. **KM-LESING:** Gebruik die voertuig se ritmeter. Stel asseblief die ritmeter op 0 by die beginpunt van die roete.
Terugritte en ompaaië: Gebruik 'n lyn van die padtellingvorm om die begin en einde van elke ompad of terugritte aan te teken, bv. 'ompad van 10 km tot 20 km'. Gaan dan voort met die telling sonder om die ritmeter te verstel. Dit word gedoen sodat die km-lesing aangepas kan word vir datavaslegging (verwys asseblief na Inligtingsblad No. 1 vir meer besonderhede).
2. **VOËLSOORTE:** Alle kraanvoëls, alle poue, alle korhane, alle ooievaars (veral Witooevaars), Bromvoëls, Sekretarisvoëls, Kalkoenibisse, Swartkopreiers, Wildemakoue, asook enige ander soorte wat as belangrik in jou spesifieke gebied geïdentifiseer is. Let daarop dat ses roofvoëlsoorte en drie kraaisoorte soos in die lys onderaan die Padtellingvorm aangedui, nou ingesluit word by die CAR-tellings. **Wenke om te onderskei tussen Jakkalsvoëls:** Die jong Rooiborsjakkalsvoël kan maklik aangesien word vir 'n Bruinjakkalsvoël, maar het groter, breër vlerke, terwyl die onderkant van die stert lig is en sonder dwarsstrep (Sasol). Die jong Rooiborsjakkalsvoël is groter en swaarder gebou, met 'n sterker snawel en breë rooibruin stert. Die kleiner Bruinjakkalsvoël het langer, smaller vlerke (Roberts Birds). Gebruik die afkortings vir die verskillende soorte wat onderaan die Padtellingvorm aangedui word.
3. **AANTAL:** Tel die aantal voëls wat gesien kan word. Kraanvoëls, veldpoue en ooievaars kom dikwels in wydverspreide groepe voor. Kyk dus goed in alle rigtings met die verkyker rond om seker te maak dat alle voëls wat in die gebied teenwoordig is, getel word. Voëls naby die pad of ver van die pad af, word almal op dieselfde manier getel.
Ouderdomsklasse: Veral in die geval van kraanvoëls moet daar besluit word of dit volwasse voëls (Volw.), jong voëls (Onvolw.) of kuikens (K) is. Noteer die aantal van elke ouderdomsgroep in die afsonderlike kolom. In die geval van Bloukraanvoëls het volwasse voëls 'n lang "stert", jong voëls 'n kort "stert" en kuikens is donsig. By Mahemme het jong voëls 'n korter kuif en geen nekkelle nie, terwyl jong voëls by Lelkrane 'n wit kroon het en die lelle kleiner is as by volwasse voëls. Hierdie ouderdomsgroepe moet sover as moontlik gebruik word vir alle voëlsoorte, maar as daar nie tussen die verskillende ouderdomsklasse onderskei kan word nie, word die totale aantal voëls van die soort in die eerste kolom (Volw.) genoteer. Oor die algemeen word 'kuikens' gedefinieer as donsig en jong voëls as geveerde voëls wat merkbaar kleiner is as volwasse voëls en/of wat onvolwasse veerpatrone vertoon.
4. **HABITAT:** Die habitat wat benut word, moet vir alle voëlsoorte genoteer word. Soms mag individue van 'n wydverspreide groep in verskillende habitatstipes teenwoordig wees. **Tel die aantal voëls in elke habitatstipe afsonderlik**

en teken elke groep op 'n afsonderlike lyn op die vorm aan met dieselfde km-lesing vir elke lyn. Dit sal help om habitatsbenutting meer akkuraat te kan bepaal.

Daar word tien hoofkategorieë vir habitat onderskei:

- a) **kaal grond:** onlangs geploegde landerye waar gewasse nog nie opkom nie (verkort na 'kaal')
- b) **gewasse:** landerye met groeiende gewasse, bv. mielies, koring, hawer, ens. (aangedui as 'gewasse') Indien die gewasse uitgeken kan word, gebruik die volgende onderafdelings:
 1. **graangewasse:** bv. koring, mielies, hawer, rog en gars (verkort na 'graan')
 2. **nie-graangewasse:** bossie-agtige gewasse soos lupiene, canola en groente (verkort na 'nie-graan')
 3. **boorde:** vrugteboorde, wingerde, rooibos, turksvy, protea-aanplantings en enige ander gewasse waar die gewas hoër en/of meer houtagtig is as ander nie-graangewasse (verkort na 'boorde')
 4. **bosbou-plantasies:** aangeplante bome soos dennebome, bloekombome en wattels (verkort na 'plantasie')**L.W.:** Noem asseblief die tipe gewas as jy dit kan identifiseer, bv. 'graan – koring'.
- c) **stoppels:** landerye waar graangewasse gesny of ge-oes is en wat gekenmerk word deur dik, gesnyde, droë stoppels (aangedui as 'stoppels')
- d) **aangeplante weidings:** landerye met breëblaar weidings (bv. lusern, klawer, ens.) of 'onnatuurlike' grasveld wat spesifiek vir weiding aangeplant is. **Let asseblief daarop:** aangeplante weiding is nie natuurlike grasveld of oorblyfsels van 'n verbonde gewas nie. Aangeplante weidings is gewoonlik 'n monokultuur van een soort plant en vertoon dikwels geil, terwyl natuurlike grasveld 'n verskeidenheid van plantsoorte het. (verkort na 'weiding')
- e) **gesnyde weiding:** landerye of veld wat gewoonlik groen is met gesnyde gras of lusern, wat nog op die grond mag lê of wat gebaal en verwyder kan wees. Dit is duidelik gras en nie 'n graangewas nie en is duidelik gesny. **Let asseblief daarop:** hierdie kategorie is gewoonlik slegs in die grasveldbloom van toepassing. (verkort na 'gesny')
- f) **natuurlike plantegroei/veld:** sluit alle tipes inheemse, natuurlike plantegroei in, bv. natuurlike grasveld (van toepassing in die grasveldbloom, bv. dele van die Vrystaat en KwaZulu-Natal), natuurlike fynbos/renosterveld (van toepassing in die Suidwes-Kaap) en natuurlike Karooveld. (verkort na 'veld')
- g) **gebrande grasveld:** is grasveld wat onlangs afgebrand het en nog swart is. (verkort na 'brand')
- h) **braakland:** landerye wat nie onlangs aktief bewerk is nie, maar wat in die verlede geploeg is. Onkruid en pioniersoorte van inheemse plantegroei mag oorheersend wees en daar mag oorblyfsels van stoppels wees indien die land vir slegs 'n jaar of twee braak gelê het. Hierdie kategorie vertoon 'n verminderde diversiteit van natuurlike plante

vergeleke met natuurlike plantegroei en het 'n plantegroei-struktuur wat duidelik verskil van ongeploegde veld, terwyl tekens van vorige bewerking sigbaar is (bv. afloop-lyne, ploegvore en hopies klip). Braakland kan ook gebruik word vir weiding, maar verskil van natuurlike veld soos hierbo aangedui. (verkort na 'braak')

- i) **vleiland:** sluit damme, panne, riviere en vleie in, asook seisoenale 'droë' vleiland. (verkort na 'vleiland')
- j) **vlieg:** Wanneer 'n voël in vlug is, dui die habitat as 'vlieg' aan. As die voël egter vlieg slegs omdat dit versteur is of omdat dit pronk, word die habitat waar dit opgestyg het aangedui.
- k) **ander:** enige habitat wat nie in enige van die bogenoemde kategorieë val nie, word so aangedui. Spesifiseer asseblief, bv. 'ander -pad/padreserwe' as die voël op die pad of in die padreserwe is.
- l) **Onbepaalbaar:** as jy nie die tipe habitat kan onderskei nie, gewoonlik omdat dit te ver is.

L.W. As 'n roofvoël op 'n paal/kragmas sit, noteer die habitat wat dominant is in die omgewing van die paal, gewoonlik die landbou habitat. Noteer 'op paal' / 'op kragmas' vir *Tersaaklike eienskappe naby* en 'sittende' ('perched') vir *Aktiwiteit*.

5. **TERSAAKLIKE EIENSKAPPE NABY:** Hierdie kolom word gebruik om bykomende inligting oor die habitat te verskaf. Voëls mag in 'n spesifieke habitat teenwoordig wees as gevolg van die beskikbaarheid van 'n bron van kos of water of 'n ander faktor naby in die omgewing. Met 'naby' word bedoel binne 100 m vanaf die voël. **Let asseblief daarop dat hierdie kolom nie vir elke waarneming ingevul moet word nie**, maar slegs as jy oortuig is dat daardie eienskap die voël gelok het. Indien 'n voël in 'n landbou habitat of vleiland is, maar ook binne 100 m vanaf inheemse plantegroei, word 'veld' in hierdie kolom aangedui. As die habitat waarin 'n voël opgemerk word 'veld' is, is dit nie nodig om 'veld' as *Tersaaklike eienskap naby* aan te dui nie. Neem kennis dat 'op paal', 'op kragmas', 'op draad', 'doodgeryde dier'/'roadkill', 'karkas' en 'rotse' as opsies bygevoeg is aangesien roofvoëls en kraaie by die telling ingesluit is.

6. **KANT VAN DIE PAD:** Skryf asseblief altyd L of R in die kolom om aan te dui of die voëls aan die linker- of regterkant van die pad waargeneem is. Die stelsel laat nie toe dat linker- en regterkant op dieselfde punt vasgelê kan word nie. Hierdie inligting dra daartoe by dat die lokaliteit van die waarneming meer noukeurig aangedui kan word. **Let daarop: Roetes moet altyd in dieselfde rigting gery word.** As dit om een of ander rede nie moontlik is om die roete in die gewone rigting te ry nie, moet dit duidelik so aangeteken word en moet die km-lesings dienooreenkomstig aangepas word en dit so in die 'Notas' aangedui word.

L.W. Die volgende kolomme moet slegs ingevul word vir die drie kraanvoëlsoorte, nl. Bloukraanvoël, Mahem en Lelkraanvoël, asook die drie groot pousoorte, nl. Veldpou, Gompou en Ludwige pou en die roofvoëls en kraaie.

7. **AKTIWITEIT:** Teken die aktiwiteit aan waarmee die voël besig is ten tye van die waarneming deur die volgende kategorieë te gebruik:
- a) **onaktief:** bv. staan, vere uitstryk, luier, ens.
 - b) **voed:** d.w.s. voed aktief of stap rond op soek na kos.
 - c) **vlieg:** d.w.s. is in vlug.
 - d) **broei:** d.w.s. paring, broei, ens. Moenie enige voël wat broei versteur nie.
 - e) **praal:** d.w.s. pralende of dansende voëls (moenie hierdie aktiwiteite by broei-aktiwiteite insluit nie).

Vir roofvoëls en kraaie is daar twee addisionele aktiwiteite, nl.:

- f) **sittende** ('perched'): sit op paal of kragmas of boom, ens.
- g) **jag:** soek aktief vir kos.

Gewoonlik is al die lede van 'n groep met dieselfde aktiwiteit besig, maar as dit nie die geval is nie, noteer die mees dominante aktiwiteit.

8. **KLEURRINGE:** Vir voëls wat met kleurringe gemerk is, skryf die volgorde van die kleurringe neer van bo na onder (bv. rooi bokant blou) asook die km-lesing in die ruimte wat voorsien word. Let daarop dat die regter- en linkerbeen van die voël bepaal word asof die waarnemer die voël is. Noteer die inligting in die 'Notas' ruimte. Die neem van 'n foto is ook altyd nuttig.

9. **DOOIE VOËLS:** Wanneer dooie voëls teengekom word, noteer die soort en km-lesing in die 'Notas'-ruimte, asook of dit onder 'n kraglyn is en ook ander inligting wat die moontlike oorsaak van dood kan toelig. Belangrike kontakte: Vir kraglyn-mortaliteite, skakel asseblief met Constant Hoogstad (Eskom-EWT Strategic Partnership Projekbestuurder): 011 3723600 of 0860 111535 of na-ure 082 334 4176 of constanth@ewt.org.za. Waar vergiftiging vermoed word, skakel asseblief met Zeldah Hudson 011 3723600 of zeldah@ewt.org.za.

10. VOLTOOIING

- a. Teken die tyd aan wanneer die roete voltooi is. (Dit sal gewoonlik vroeg-middag wees. Jy is welkom om die rit te onderbreek voor die einde daarvan, mits hierdie onderbreking op die vorm aangedui word (tyd wanneer en vir hoe lank die onderbreking duur).
- b. Bereken die lengte van jou roete deur enige ompaaie en terugroetes af te trek van die lesing van die ritmeter. Die afstand word ingevul op die vorm. Maak seker al die inligting wat verlang word, word verstrekk en voorsien enige inligting wat van belang is of kommentaar in die 'Notas'-ruimte.
- c. As jy 'n nuwe deelnemer aan die "CAR"-projek is, kan jy registreer deur te klik op CAR in die linkerkantse opsies op die ADU-webtuiste en dan 'Register' te kies. As jy reeds geregistreer is en 'n ADU-nommer het, maar nie 'n wagwoord het nie, of jou wagwoord vergeet het, klik op 'Apply for password' op die CAR-webblad.

Aangesien jy herken word aan jou e-posadres, is dit noodsaaklik om ons te laat weet indien jou e-pos adres verander. Stuur asseblief vir ons 'n e-pos na info@adu.org.za en ons sal jou ou e-posadres in ons adreslys met die nuwe een vervang.

- d. Indien moontlik lê asseblief jou resultate aanlyn vas op 'MyBirdPatch'. Teken aan deur jou e-posadres, wagwoord en ADU-nommer te gebruik en te klik op die CAR-strokie in die grys paneel. Klik op "Add a new card" in die "Manage your CAR submissions"-bladsy waarna die aanlyn instruksies gevolg moet word. Kontroleer asseblief die inligting wat ingesleutel is!
- e. Maak 'n afskrif van jou voltooide vorm en bêre dit ingeval jou oorspronklike vorm in die pos verlore gaan.
- f. Stuur asseblief jou CAR-vorm so gou as moontlik na die telling aan jou Gebiedsorganiseerder. Indien jy nie daarin slaag om jou telling aanlyn vas te lê nie, sal die Gebiedsorganiseerder dit doen of dit deur 'n vrywilliger laat doen.
- g. Indien jy nie daarin kon slaag om jou telling uit te voer nie, of enige probleme ondervind of navrae het, skakel asseblief met die Gebiedsorganiseerder.
- h. Indien jy probleme ondervind om te registreer of om die data vas te lê, raadpleeg asseblief die "FAQ's" (Frequently Asked Questions) op die CAR-webblad of skakel met jou Gebiedsorganiseerder of met Michael Brooks op 021 6504751.

Baie dankie vir jou tyd en moeite om die telling uit te voer: vir jou bydrae tot hierdie projek en tot bewaring.

Donella Young
Projekkoördineerder